

Hekel 'n ronde kussing

BENODIGDHEDE

150 g wol word benodig vir elke kussing. Kleure kan gekies word na smaak. Hekelpen nr. 3; voering die grootte van kussing.

AFKORTINGS

glst — glipsteek; ks — kettingsteek; lb — langbeen; st(e) — steek(e); verm — vermeerder; vermin — verminder; gv — gaan voort; beg — begin; pat — patroon.

OM TE MAAK

Werk die hele pat deurgaans in lb. Volg diagram noukeurig. Werk kleure in soos op foto aangedui word.

Maak 7 ks, glst in 1e ks om ring te vorm.

Vlg Ry: 3 ks (vir 1e lb) 13 lb in ring, glst in 3e ks. (14 lb).

Vlg 2 Rye: 3 ks (vir 1e lb), werk 2 lb in elke lb van vorige ry. (54 lb).

Wanneer gekleurde blare vanaf diagram gewerk word, word 1 st in beg en einde verm, soos vlg:

Vlg Ry: * 6 blou lb, 2 bruin lb, tot einde van ronde.

Vlg Ry: * 2 lb in dieselfde lb (blou), 4 lb oor vlg 4 lb, 2 lb in vlg lb, 2 bruin lb oor vlg 2 bruin lb * tot einde van ronde.

Voltooi blaas soos op diagram aangedui word. Werk nog 2 rye reguit in lb (gv met verm).

Werk 4 rye soos vlg:

* 1 lb op lb, 2 ks, slaan 1 lb oor *, tot einde van ronde.

Waar verm voorkom, werk 1 lb, 2 ks en 1 lb in dieselfde st.

Sny voering, heg vas en stop goed.

Lê gehekelde dele op kussing en ryg dan 'n gehekelde toutjie deur laaste ry gaatjies van dele en heg vas.



